# DIE JORDAANTJIE

## Nuusbrief van Primêre Skool Jordania

4/2024 9 Februarie 2024

### IN HIERDIE UITGAWE


UIT DIE KANTOOR
1. Kleuratletiek
2. *Jorries is helde* kentekens
3. Beeskompetisie
4. Personeel
5. Beheerliggaamverkiesing
6. Personeelverjaardae
7. Redenaars
8. Skooltye
9. Skoolfonds vir 2024


**Bestel nou jou *Jorries is helde* kenteken teen R15**

**2023 SKOOLKWARTALE**

**1ste:** 11 Januarie – 24 Maart
**2de:** 12 April – 23 Junie
**3de:** 18 Julie – 29 September
**4de:** 10 Oktober – 13 Desember

## UIT DIE KANTOOR

Ons is besig met ons tema – Jorries is helde. Hierdie week gee ons aandag aan hoe ons mense behandel en iets vir hulle kan beteken. Hoe baie keer dink ons dat die lewe ons iets skuld of dat ons belangriker as ander mense is. En dan tree ons ook so op. Ons ignoreer mense, maak of ons hulle nie sien nie of dink ons hoef hulle nie te groet nie, omdat hulle nie so belangrik soos ons is nie of omdat die werk wat hulle doen nie so 'n hoë profiel het nie. 'n Mens noem dit eenvoudig sommer net hoogmoedigheid. En hoogmoedigheid is nie respekvol nie. Dan dink ek net weer aan wat Rick Warren in sy boek *A purpose driven-life* sê: *"It's not about you."* Ons is almal hier op aarde geplaas om 'n verskil te maak en ander mense te help. Dit beteken ook dat ons respek vir ander mense moet hê deur erkenning aan hulle te gee. Die maklikste manier om dit te doen is om iemand te groet of uit te vind hoe dit met hulle gaan. Dan wys ons ons respekteer daardie persoon. Dan wys ons dat ons aan daardie persoon se bestaan erkenning gee en dat hy/sy ook belangrik is. Dit maak nie saak wie dit is nie, want dit gaan nie oor ons nie. In die Bybel in Lukas 10 het die Barmhartige Samaritaan die man wat aangeval is gehelp, nie die ander twee mans van wie mens dit sou verwag nie. Kom ons wees daardie persoon wat soos 'n held optree deur ander met respek te behandel. Mooi naweek.

***"If you live your life as if everything is about you, you will be left with just that – you."***

**1. Super 8 Atletiek**

Ons Jorrie atlete het weereens puik gevaar tydens die Super 8 byeenkoms te Vereeniging. Jordania het in die algehele 2de plek uit 8 skole geëindig teen baie goeie kompetisie van skole uit Noordwes, Gauteng en die Vrystaat. Atlete wat rekords verbeter het en spesiale toekennings ontvang het is:

- Melanie Hill – Hoogspring Dogters o/10 (verbeter rekord)
- Charlee Wandrag – Diskus Dogters o/12 (verbeter rekord)
- Ruhan Cilliers – 800m Seuns o/13 (verbeter rekord)
- Demaine van Deventer – Beste Middelafstand atleet van die dag
- Maricelle Nortjé – Beste Spiesgooi atleet van die dag

Baie geluk aan al ons atlete wat ons naam hoog gehou het.

**Afrikaanse woord van die week:**

**Skaterlag:** *Luidkeels of uitbundig lag; brul van die lag.*

## Kontak ons:

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700
Tel: 058 303 4116 / 5918
Faks: 058 303 4264
Epos: jordania@jordaniapri.co.za
www.jordaniaprimer.co.za




**VOLGENDE WEEK SE PROGRAM**

Ma, 12 Feb: Bloedskenk (10:00-14:00) (Saal)
Wo, 14 Feb: Valentynsokkie (Gr.6 en 7)
Vr, 16 Feb: Kleuterskole atletiek (Jor)
Sa, 10 Feb: Graanveld atletiek (Goble Park)
Bergfiets XCO #2 (Parys)

**Klerebank tye**

Dinsdae, Woensdae en Donderdae
07:30 – 8:30

**BANKBESONDERHEDE**

Jordania Primêre Skool
Standard Bank Harrismith
Takkode: 051001
Nommer: 042 117 453

**2. *Jorries is helde* kentekens**

Jorries is helde kentekens kan nou bestel word by die registeronderwysers. Die koste beloop R15 per kenteken. Bestellings moet teen 16 Februarie afgehandel wees. Leerders mag dan hierdie kentekens elke dag skool toe dra om te wys dat hulle 'n Jorrie held is. *(Sien die advertensie onderaan die nuusbrief.)*

**3. Beeskompetisie**

Ons jaarlikse Beeskompetisie het reeds afgeskop. Die leerders het almal hul boekie met kaartjies ontvang. Daar is baie lekker pryse om te wen – ook vir die kinders en klasse wat die meeste kaartjies verkoop. Lees gerus die skrywe wat saam met die boekies uitgegaan het. Hierdie fondsinsamelingsprojek is deel van ons skool se begrote inkomste vir die jaar en help ons om alles betaal te kry wat ons moet. By voorbaat baie dankie aan al ons leerders en ouers vir u hulp en bydraes met die projek.

**4. Personeel**

- Ons het twee nuwe assistent-onderwysers aangestel. Baie welkom aan Jan-Hendrik Malan en Ruan Barnard, wat met hul onderwysstudie begin het en hul praktiese opleiding by Jorries doen. Ons glo julle sal sommer gou deel van die Jorrie-familie word.
- Juffrou Retha Jacobs, wat in juf. Rosa Smith se plek aangestel is, sal by ons op 1 Maart aansluit. Intussen gaan haar klasse deur juf. Marlise van Heerden waargeneem word. Baie dankie ook aan haar vir haar bereidwilligheid om ons leerders in hierdie tyd te help.

**5. Beheerliggaamverkiesing**

Die amptelike kennisgewing van die drie-jaarlikse Beheerliggaamverkiesing, wat op Vrydag, 8 Maart sal plaasvind is reeds uitgestuur. Alle inligting rondom nominasies en die verkiesing word hierin vervat.

**6. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 13 Februarie: Geraldine Strydom
- 15 Februarie: Ben van den Berg

**7. Redenaars**

Ons skool se redenaarskompetisie vind op Woensdag, 21 Februarie plaas. Indien daar nog enige leerder is wat wil deelneem kan hulle vir juf. Frances van der Schyff kontak.

**8. Skooltye**

Maak asb. seker dat leerders betyds by die skool is. Skooltye is as volg:

- Graad R: 8:00 – 12:35 (Vrydae 12:35)
- Graad 1 – 2: 7:30 – 13:05 (Vrydae 12:45)
- Graad 3: 7:30 – 13:30 (Vrydae 12:50)
- Graad 4 – 7: 7:30 – 13:40 (Vrydae 13:00)

NB!

Tref asb. reëlings dat leerders betyds by die skool afgehaal sal word.

**9. Skoolfonds vir 2024**

Baie dankie aan al ons ouers wat reeds hul skoolfonds vir die jaar vereffen het. Skoolonds kan eenmalig, kwartaalliks of maandeliks betaal word. **Die skoolfonds vir 2024 is vasgestel op R14 000 (Graad 1-7) en R14 500 (Graad R) per kind vir die jaar. Indien u die volle bedrag voor einde Februarie 2023 betaal, ontvang u 5% korting en betaal dan slegs R13 300 (Graad 1-7) en R13 775 (Graad R).** Maak gerus gebruik van hierdie vergunning. Kontak Alta met enige navrae.

# Jorrie waardes 2024

**DRA JOU KENTEKEN ELKE DAG EN WEES Ń JORRIE HELD.**

**R15**

**KENTEKENS IS TOT 16 FEBRUARIE BY REGISTER-ONDERWYSERS TE KOOP.**

MARIAAN SE NASORG
30 JAAR VAN LIEFDE, OMGEE EN HARDE WERK, LEWER KINDERS OP WAT HULLE PLEK VOLSTAAN IN DIE LEWE
Nasorg by Jordania Primêr
Gekwalifiseerde onderwyseres sedert 1984
Kontak Mariaan: 082 562 6362